# Die Wysheid van God

Adrian Ebens

# Die Wysheid van God

Adrian Ebens

Gedruk in Suid-Afrika deur

Maranatha Media

Maranathamedia.com

adrian@life-matters.org

www.vadervanliefde.com

Geskryf in artikelformaat in Maart 2010.

Uitgegee in boekvorm in Februarie 2016 in Engels onder die titel "The Wisdom of God".

VadervanLiefde.com

## Die Wysheid van God

'n Inleiding tot die Groot Stryd

# Inhoudsopgawe


1. Onse Vader ....................................................5
2. Oppermag oor Almal ....................................................7
3. Die Wysheid van God ....................................................9
4. Gelykheid ....................................................13
5. Die Wil ....................................................16
6. ’n Krisis Ontstaan ....................................................16
7. Geskape na Sy Beeld ....................................................20
8. Vader van Leuens ....................................................24
9. Die Mensdom word Verlei ....................................................25
10. Samevatting ....................................................29
11. Twee Weë ....................................................30
12. Die Grondslag van Babilon ....................................................32
13. Die Kern van Babilon ....................................................35
14. Die Pad na Verval ....................................................39
15. Uit Babilon Geroep ....................................................42

# 1. Onse Vader

Toe Jesus op ‘n keer genader is deur Sy dissipels, het hulle ‘n baie belangrike versoek gemaak:

> **Lukas 11:1** En toe Hy op ‘n sekere plek besig was om te bid, sê een van sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het.

Die antwoord wat Jesus gegee het, vertel ons die belangrikste ding wat ons omtrent God moet weet. Gebed is ‘n poging om met God te praat en te kommunikeer. Die naam wat Jesus as uitgangspunt gebruik, dui die kern van God se identiteit aan en wie Hy is. Dit is hoe Jesus vir ons gesê het om God aan te spreek wanneer ons bid.

> **Lukas 11:2** En Hy sê vir hulle: Wanneer julle bid, sê: Onse Vader wat in die hemele is!

Onse Vader. Afgesien van enigiets anders wat ons oor God kan oorweeg, is God eerstens ‘n Vader. Hierdie eenvoudige beskrywing vertel ons baie van God. Dit vertel ons dat God bo alle dinge ‘n verhoudingswese is. Hy wil hê dat ons Hom in verhouding moet aanspreek. Die term Vader spreek nie alleen van vermoëns en krag nie, maar dit spreek in terme van Sy verhouding en verbondenheid met die heelal. Hy is die Vader of bron van alle dinge. So, watter soort Vader is God?

Toe Moses op ‘n keer met God gespreek het, het hy God gevra om aan hom Sy heerlikheid, of wat ook al mees besonders was omtrent God, te openbaar. Dit is hoe God geantwoord het:

> **Exodus 34:5-6** En die HERE het neergedaal in die wolk en daar by hom gestaan. En Hy het die Naam van die HERE uitgeroep. En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou;

Let op wat God aan Moses gewys het. Hy het gepraat van Sy karakter. Dit is die pragtigste ding omtrent God, Sy karakter. Hy is genadig, barmhartig, lankmoedig, oorvloedig in goedheid en waarheid. In die wêreld waarin ons leef, is hierdie eienskappe baie seldsaam, maar wanneer ons dit in ander ervaar, is die meeste van

ons baie dankbaar. Die apostel Johannes het die karakter van God opgesom toe hy gesê het:

> **1 Johannes 4:8** Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.

God is 'n liefdevolle Vader wat baie omgee vir alles en almal in Sy skepping. So, hoe groot is Sy skepping? Die Bybel vertel ons dat Hy die Vader van die hemele en aarde is.

> **Efesiërs 3:14-15** Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang,

Die hele heelal behoort aan ons hemelse Vader en almal in hierdie heelal is deel van Sy familie. Ons mag miskien versoek word om te dink dat daar soveel mense is, dat God nie aan almal kan dink nie en sommige vergeet word, maar luister aandagtig na wat Jesus hieroor gesê het.

> **Lukas** 12**:6-7** Word vyf mossies nie vir twee stuiwers verkoop nie? En nie een van hulle is voor God vergeet nie. Maar selfs die hare van julle hoof is almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies.

God vergeet niemand nie. Hy weet alles van ons en is baie geïnteresseerd in ons lewens en wat ons doen en wat ons dink. Trouens, Hy hou nooit op om aan ons te dink nie.

> **Psalm 40:6** Groot dinge het U gedoen, HERE my God—u wonders en gedagtes vir ons; niemand kan met U vergelyk word nie. Wil ek dit verkondig en uitspreek, dan is dit te veel om te vertel.

Hy het spesiale planne vir ons en drome omtrent wat ons kan word.

> **Jeremia 29:11** Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.

Elke goeie ding wat ons het, kom van Hom af.

**Jakobus 1:17** Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.

Die wonderlikste tentoonstelling van hoe God oor ons voel, is wat Hy gesê het tydens die doop van Sy eniggebore Seun – Jesus. Dit is wat Hy gesê het:

**Mattheus 3:17** En daar kom ‘n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehae het!

God het Sy Seun as ‘n mens liefgehad. Hy was baie tevrede met Hom. Die grootste wonder hieromtrent is dat ons erken dat Jesus die Seun van God is. Ons kan dieselfde aanvaarding ervaar.

**Efesiërs 1:6** tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.

Ons sal later meer ondersoek instel na die rol van Jesus en waarom Hy na die aarde gekom het en waarom ons deur Hom kan en moet aangeneem word. Die belangrikste punt wat ons hier moet beklemtoon, is dat God ‘n liefdevolle en tedere Vader is wat vir ons omgee en belangstel in elke aspek van ons lewe.

# 2. Oppermag oor Almal

In die vorige hoofstuk het ons opgemerk dat God ‘n liefdevolle Vader is wat altyd aan ons dink en planne en drome vir ons toekoms het. Ons het ook opgemerk dat Hy die Vader van die ganse heelal is. In hierdie afdeling kyk ons na watter eienskappe van God Hom in die posisie plaas om die dinge te doen wat Hy doen.

Die eerste ding wat die Bybel vir ons sê, is dat God die Meester en Oppermag van alles is.

**1 Korintiërs 8:6** Tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom…

**1 Timoteus 1:17** Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen.

> **Deuteronomium 6:4** Hoor, Israel, die HERE onse God is ‘n enige HERE!

Die Vader is die een God uit wie alle dinge kom. God het nie Sy mag, wysheid en kennis van enigiemand anders ontvang nie. Alles wat ons sien, kom van Hom af.

> **Jesaja 40:10-15** Kyk, die Here HERE sal kom as ‘n Sterke, en sy arm sal heers; kyk, sy loon is by Hom, en sy beloning is voor sy aangesig. Hy sal sy kudde laat wei soos ‘n herder; Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei. Wie het die waters met die holte van sy hand afgemeet, en van die hemele met ‘n span die maat geneem, en in ‘n drieling die stof van die aarde opgevang, en die berge geweeg met ‘n weegtoestel en die heuwels met ‘n weegskaal? Wie het die Gees van die HERE bestier en as sy raadsman Hom onderrig? Met wie het Hy raad gehou, dat dié Hom verstand sou gee en Hom sou leer aangaande die pad van die reg, en Hom kennis sou leer en Hom bekend maak die weg van volledige insig? Kyk, die nasies is soos ‘n druppel aan die emmer, en soos ‘n stoffie aan die weegskaal word hulle gereken. Kyk, Hy hef die eilande op soos ‘n stoffie!

> **Psalm 36:8-10** Hoe kosbaar is u goedertierenheid, o God! Daarom skuil die mensekinders onder die skaduwee van u vleuels. Hulle verkwik hul aan die vettigheid van u huis, en U laat hulle drink uit die stroom van u genietinge. Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig.

God is almagtig, wat beteken dat Sy mag onbeperk is; daar is geen einde daaraan nie. Die krag in triljoene en triljoene atome kom van Hom af. Daardie mag is buite ons begrip. God se kennis is oneindig, dit is uitermate groot. As iets begin, weet Hy presies waar dit sal eindig. Alle wysheid en kennis kom van Hom af.

Deur Sy Gees vloei krag en wysheid na ons uit soos ‘n rivier.

> **Openbaring 22:1** En hy het my getoon ‘n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam.

> **Psalm 46:5-6** Die stroompies van ‘n rivier maak die Godstad bly, die heiligste van die woninge van die Allerhoogste. God is daar binne-in, dit sal nie wankel nie; God sal dit help as die dag aanbreek.

Deur Sy Gees kan God op alle plekke teenwoordig wees. Ons noem hierdie vermoë alomteenwoordigheid. Weereens, dit is iets wat moeilik is om te verstaan, maar let op wat die Bybel sê:

> **Psalm 139:7-10** Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig? Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar! Neem ek die vleuels van die dageraad, gaan ek by die uiteinde van die see woon, ook daar sou u hand my lei en u regterhand my vashou.

Hierdie rivier waarvan die Bybel praat is die rivier van die lewe, al die bestanddele vir lewe is in Sy Gees en dit is Sy lewegewende Gees in ons wat ons lewendig hou en ons harte laat klop.

> **Handelinge 17:24-28** Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee. En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag.

So, ter opsomming sien ons dat daar één God is wat almagtig, alwetend en alomteenwoordig is deur Sy Gees. Alle mag en gesag behoort aan Hom en aan wie Hy dit gee.

# 3. Die Wysheid van God

Dit sal dalk 'n verrassing wees kom om te dink dat 'n wese wat almagtig en alwys is, Hom in 'n posisie bevind waaraan Hy niks kon doen nie. Iets wat so belangrik was dat God die Vader, sonder dit, nie Sy koningkryk kon vestig nie.

Wanneer ons kyk na die dieper implikasies van die feit dat alle lewe, mag en wysheid van God kom, besef ons dat God nie die miljoene inwoners in Sy heelal kon skep en

hulle 'n lys opdragte gee wat hulle moet doen nie. Die vermoë om ons aan God te onderwerp, om Hom te vertrou en dinge volgense Sy weë te doen, moes deel word van die rivier wat uit die troon van God vloei.

Die probleem is dat God Homself aan niemand onderwerp nie, en dat Hy ook nie nodig het om aan enigiemand gehoorsaam te wees of hul na te volg nie. Dus kon Hyself nie hierdie dinge voorsien nie. In Sy groot wysheid het God 'n Seun uit Homself voortgebring wat na Sy uitdruklike beeld is. Hy het aan Sy Seun alles gegee wat Hy gehad het en het alles deur Hom geskep. Let op die volgende:

> **Hebreeërs 1:1-5** Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle. Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer? en weer: Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees?
>
> **Johannes 5:26** Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê.
>
> **Johannes 5:19** Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.
>
> **Johannes 8:29** En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is.
>
> **Johannes 8:42** En Jesus sê vir hulle: As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur.
>
> **Kolossense 2:8-10** Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens

> Christus nie. Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag;

Absoluut alles wat nodig is vir God se heelal woon nou in Sy Seun; die mag, die wysheid, die lewe, maar ook die vertroue en gehoorsaamheid, erkenning van die Vader se gesag en ‘n gevoel van die Vader se liefde en aanvaarding. Die Seun van God is die volledigheid van God self en die absolute grondslag van God se koninkryk.

> **Filippense 2:9-11** Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ‘n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.

So het die Vader Sy Seun verhef en Hom die Goddelike krag en voorbeeld vir die heelal gemaak. God sal die Gees van Sy Seun in die lewens van elke geskape wese oordra om vir hulle ‘n gevoel van seën en kennis van onderdanigheid en vertroue van gehoorsaamheid te gee. Sonder die Gees van Christus is dit onmoontlik om te weet hoe om jouself aan God te onderwerp, Hom te vertrou en te gehoorsaam. Let op wat die Bybel sê:

> **Openbaring 22:1** En hy het my getoon ‘n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam.

> **Johannes 15:26** Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig.

> **Romeine 8:9-10** Julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid.

Dit is waarom Jesus die wysheid en krag van God genoem word. Die persoonlikheid van Christus word deur die Gees van God deur die heelal in elke geskape wese oorgedra. Dit is die wysheid van Christus in ons harte wat ons leer hoe om die Vader

lief te hê en te gehoorsaam. Dit is die lewe van Christus wat elke senuwee en weefsel binne ons wese besiel en ons lewendig hou.

> **1 Korintiërs 1:24** Maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God.
>
> **1 Korintiërs 1:30** Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.

Daarom is dit die Gees van Christus in 'n persoon wat hulle wysheid gee om dinge te doen en regverdig en goed te wees. Salomo het hieroor gepraat en het beskryf hoe wysheid werk in die heelal.

> **Spreuke 8:12-21** Ek, Wysheid, is vertroud met die skranderheid, en ek vind kennis van regte oorleg. Die vrees van die HERE is om te haat wat sleg is; hoogmoed en trotsheid en 'n slegte wandel en 'n huigelagtige mond haat ek. Raad en beleid is myne, ek is die insig, sterkte is myne. Deur my regeer die konings en stel die maghebbers vas wat reg is; deur my heers die vorste en die edeles, al die regters van die aarde. Ék het lief die wat my liefhet, en die wat my soek, sal my vind. Rykdom en eer is by my, duursame goed en geregtigheid. My vrug is beter as goud en as fyn goud, en my opbrings as uitgesoekte silwer. Ek wandel op die weg van geregtigheid, in die middel van die paaie van reg, om die wat my liefhet, 'n besitting te laat erwe, en hulle skatkamers maak ek vol.

Hy gaan dan verder om te beskryf hoe God Sy Seun voortgebring en gevestig het.

> **Spreuke 8:22-31** Die HERE het my berei as eersteling van sy weg, voor sy werke, van ouds af. Van ewigheid af is ek geformeer, van die begin af, van die voortyd van die aarde af. Toe daar nog geen wêreldvloede was nie, is ek gebore; toe fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie; voordat die berge ingesink het, voor die heuwels is ek gebore; toe Hy die aarde en die velde en al die stoffies van die wêreld nog nie gemaak het nie. Toe Hy die hemele berei het, was ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed; toe Hy die wolke daarbo bevestig het, toe die bronne van die wêreldvloed sterk geword het; toe Hy vir die see sy grens gestel het, dat die waters sy bevel nie sou oortree nie; toe Hy die fondamente van die aarde vasgelê

> het— toe was ek ‘n kunstenaar naas Hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig altyd, en het gespeel op sy wêreldrond, en my verlustiginge was met die mensekinders.

Dank die Vader vir die Seun, sonder Hom kan die heelal nie funksioneer nie, niks sal behoorlik werk nie. Dus sien ons nou die volheid van die Godheid wat saamgevoeg is. Die Vader is die een ware God wat die bron van alle dinge is. Hy het ‘n Seun voortgebring aan wie Hy alles gegee het. Uit die Seun vloei al die bestanddele wat nodig is om die heelal te onderhou: mag en wysheid word gekombineer met vertroue en onderdanige gehoorsaamheid. Die persoonlikheid van die Seun vloei uit na die heelal deur die alomteenwoordige Gees van God. Dit is ‘n briljante stelsel en God is uiters wys om dit so te skep.

Paulus vat dit saam as hy sê:

> **1 Korintiërs 8:6** tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom.

# 4. Gelykheid

In die vorige hoofstuk het ons die ontsagwekkende wysheid van God bestudeer soos uitgelê in die grondslag van die heelal. Die voortbringing van ‘n Seun wat beklee is met al die eienskappe van die Godheid, het die volheid van God in die harte van die hele skepping deur die Gees van God oorgedra. Die volgende ding wat God gedoen het, was ‘n noodsaaklike definisie vir gelykheid vir alle morele wesens, ongeag hul posisie in die skepping.

Die Vader het Sy Seun gesag gegee om gelyk te wees aan Homself. Let op dat die Seun se gelykheid nie kom deur die mag wat aan Hom toegeken is nie, maar deur die Vader se gesag en seën. As die Seun gelyk sou wees aan die Vader omdat Hy Sy eie mag besit, dan is die definisie van gelykheid gegrond op gelykheid van mag. Hierdie definisie sal die Seun in die potensiële posisie plaas om Sy gelykheid te toon deur Sy eie bekwaamhede. Dit is presies wat Satan van Jesus in die woestyn versoek het; ‘n vertoning van krag om Sy verbinding met Sy Vader te bewys. Gelukkig rus die Seun in die Vader se geseënde Woord. Die Seun vertrou net Sy Vader en hoef niks aan

enigiemand te bewys nie. Die Vader-Seun-verhouding is die bepalende verhouding in die heelal. Alle verhoudings tussen verskillende klasse van wesens sal op Hul verhouding gebasseer word. Die Vader het Sy Seun gelyk aan Homself gemaak.

> **Filippense 2:5-6** Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie...

> **Johannes 5:22-23** Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.

Hierdie stap verseker dat die definisie van gelykheid op verwantskap gebasseer is. Hiermee word bedoel dat dit die verhouding is wat deur die Vader gedefinieer word wat hulle gelyk maak. Alle bewyse van mag het die Seun van die Vader geërf en daarom vorm dit nie deel van die definisie van gelykheid nie. In hierdie vergelyking het magsbewyse dus geen waarde nie. God het dit gedoen om te verseker dat die wesens wat Hy geskape het, nie vergelyk word deur die talente en vermoëns wat hulle ontvang het nie, maar eerder deur hul vermoë om mekaar te ken en te verstaan.

Die aard van die gelykheid van die Vader tot die Seun is 'n baie belangrike kernbepaling vir die ganse heelal. As ons hierdie verhouding misverstaan, sal ons die kern van God se koninkryk misverstaan. Één van die wonderlikste dinge van die Seun van God is dat Hy alles weet wat daar is om te weet omtrent die Vader. Daar is niemand soos Hy om aan die ganse heelal te verduidelik wat God is nie. Let op hoe Jesus in Sy gelykheid  beskryf in terme van die verhouding wat daar tussen Hom en die Vader heers.

> **Johannes 10:15** Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader...

Daarom kan Jesus met sekerheid sê:

> **Johannes 14:9** Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.

Dit is nie 'n mistieke verklaring van een bestanddeel nie, dit is 'n stelling dat Jesus alles van Sy Vader weet en dat Hy gevul is met God se karakter en persoonlikheid. Daar is niemand in die heelal wat die Vader se gedagtes ken soos die Vader die

gedagtes van almal ken nie – die Seun is die enigste. Hulle verhouding verseker dat wat ons aanbid, ‘n liefdevolle verhouding tussen hulle is, eerder as die krag wat hulle saam besit.

Die profeet Jeremia openbaar die heerlikheid van God se koninkryk toe hy gestaaf het:

> **Jeremia 9:23-24** So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek ‘n behae, spreek die HERE.

Ons vind dus dat die definisie van gelykheid, wat die aard van God se koninkryk aandui, in die identiteite van die Vader en Seun en hulle verhouding met mekaar, gesetel is. Die mag wat die Seun deel met die Vader word nie bepaal deur ‘n enkele ding wat Hy in terme van mag en posisie kan bring nie, maar slegs op die Vader se wil en behae.

> **Filippense 2:9** Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ‘n naam gegee wat bo elke naam is,
>
> **Hebreërs 1:6** En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid. .
>
> **Lukas 9:35** En daar kom ‘n stem uit die wolk wat sê: Dit is my geliefde Seun; luister na Hom!

Die gelykheid is gebaseer op die gesag van die Vader, nie op die eienskappe van die Seun nie. Binne hierdie definisie handhaaf die Vader en Seun individuele identiteite, nogtans is hulle gelyk.

Die effek hiervan kan aanvanklik nie duidelik wees nie, maar dit het ‘n baie groot uitwerking op die menslike familie, veral wanneer ons praat oor gelykheid tussen mans en vroue en wat dit definieer.

# 5. Die Wil

Ons sien dat die Gees van die Seun van God uitvloei na die hele bewoonde heelal en in die harte en gedagtes van almal leef. Vir God se heelal om werklik verhoudingsgebasseer te wees, moes die wesens wat Hy geskep het die vermoë besit om die keuse uit te oefen om hierdie lewegewende Gees van die Seun te aanvaar of te verwerp. Sonder die mag om te kies, sou die hele skepping outomaties, soos robotte, funksioneer. God het aan elke geskape morele wese ‘n wil gegee met die mag om te kies. Hierdie mag om te kies is beperk tot één keuse: om God lief te hê en Hom en Sy lewe te aanvaar asook Sy lewegewende Gees deur Sy Seun; of om Sy lewe te verwerp en die dood oor onsself te bring.

> **Joshua 24:15** Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien!

> **Spreuke 3:5-6** Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak.

Die mag om te kies beteken dat elke individu die lewegewende eienskappe van die Seun van God sy eie kan maak. Die liefde van die Seun vir die Vader word ons liefde, die onderdanigheid en vertroue van die Seun van God word ons s’n. Sy geregtigheid word ons geregtigheid saam met die keuse om ons voortdurend aan Hom te onderwerp. Die vermoë om te onderwerp en te kies, het vrylik met die rivier gekom, maar soos ons volgende sal sien, het daar ‘n krisis in die heelal onstaan wat God se familie baie pyn gebring het.

# 6. ’n Krisis Ontstaan

Toe alles in plek was, is die taak om die heelal te skep aan die Seun van God gegee. Deur die krag van Sy Vader, het Hy die hele sterrehemel, die planete en elke lewende ding geskep. Hy het ‘n groot menigte engele geskep, waarvan Lucifer, die ligdraer, die eerste was.

**Johannes 1:1-3** In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

**Efesiërs 3:9** En vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus.

**Hebreërs 1:1-2** Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.

Lucifer het die posisie van die Seun van God geken en het geweet dat Hy al die volheid van die Godheid as erfenis ontvang het. Hy het die wysheid van God in Sy Seun uit die oog begin verloor. Omdat hy die vrye gawe van keuse besit het, het die vraag by hom ontstaan hoe die Seun van God aan Sy Vader gelyk was. Hy het die posisie van die Seun begeer en geredeneer dat as die Seun hierdie posisie kon ontvang, kon hy dit tog ook op dieselfde manier ontvang. Waarom kan daar nie 'n derde afsonderlike wese wees wat soos God kan wees nie? Hy het nie die belangrike rol van die Seun en Sy onderdanige Gees verstaan wat die ganse heelal bymekaar hou nie.

**Kolossense 2:9-10** Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag.

In plaas daarvan om die identiteit en karakter van God en Sy Seun te koester, het hy die mag en posisie van God begeer. Één van die redes waarmee hy vorendag gekom het, was dat, as die Seun uit God verwek is, Hy nie gelyk aan God kon wees nie. Hy het gewonder hoekom hy 'n Wese moet aanbid wat nie inherent magtig was nie en sy bestaan aan iemand anders verskuldig het. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat hy òf toegelaat moet word om dieselfde status as die Seun te geniet, òf hy sal dit aan homself beskou as roof vir die Seun om gelyk te word met God.

**Filippense 2:5-6** Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie

> **Jesaja 14:12-14** Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!

> **Esegiël 28:14-15** Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is.

Lucifer het in sy hart gesê dat hy sy eie troon sou vestig om te heers oor die sterre of engele van God. Hy sal opklim tot die posisie van die Allerhoogste. Sy hele fokus was die verkryging van mag en posisie. Daar was geen begeerte na die karakter van God nie, net Sy posisie en mag.

Dit is 'n raaisel hoe Lucifer op hierdie manier begin dink het. Die Bybel vertel ons nie, maar omdat God alle wesens die mag gegee het om te kies, het Lucifer hierdie mag gebruik om sy hart weg te draai van die wysheid van God en hom nie te onderwerp aan Hom en Sy plan vir die heelal nie.

God het probeer om met Lucifer te redeneer oor die rigting wat hy ingeslaan het. Die redes is aan hom verstrek waarom die Seun van God die posisie het wat Hy beklee het. Lucifer het geweier om te luister en het Satan – die aanklaer – geword. Hy het God daarvan beskuldig dat hy 'n foutiewe koninkryk opgerig het en geweier om die Seun van God te aanbid. Hy het besluit dat, indien hy nie gelyk met God kan wees nie, dan sou hy net 'n God aanvaar wat sy eie inherente mag besit het en dit nie van iemand anders ontvang het nie.

'n Uiters belangrike punt is dat God alleen die bron van lewe is. Om met God te verskil en te weier om Hom te vertrou en gehoorsaam, verwyder jou van die bron van die lewe. Lewe kom slegs deur onderdanigheid aan God en onderdanigheid kom na ons slegs deur die Gees van die Seun. Dit is een van verskeie redes waarom die Vader en die Seun albei so belangrik is. Deur te weier om hom te onderwerp, het Lucifer die onderdanige Gees van die Seun weerstaan. Die daad van weerstand is die daad van haat en moord. Dit is hoekom wêreldsgesindheid in vyandskap teen God staan. Rom 8:7. Toe Satan God weerstaan het, moes God dadelik 'n besluit neem – 'n

besluit waarop Hy voorbereid was, maar nou ten uitvoer moes bring. Deur God te weerstaan het Lucifer prakties *Nee* gesê vir die Gees van Christus, en deur daardie daad het hy God se Seun vermoor. Hy het gesê, "Ek wil jou mag hê, maar nie jou Seun nie." Of God moes Lucifer dadelik om die lewe gebring het omdat hy homself van die lewensbron geskei het, of Hy kon Sy Seun toelaat om te sterf in ooreenstemming met wat Lucifer eintlik in gedagte gehad het. Die dood van Christus is nie 'n geregtelike daad van God om wraak te neem nie; dit is die natuurlike wet van die heelal dat lewe alleenlik van God en Sy Seun kom. Lucifer sou nooit voordeel trek uit die dood van Christus nie, omdat hy nooit gekies het om die identiteit van die Seun van God te aanvaar nie, maar die dood van Christus befonds die hele veldtog van Satan en sy engele, sodat die heelal kan sien wat in die gedagtes van Satan was. Indien Lucifer aanvanklik gesterf het, in plaas daarvan dat die Seun daardie besluit geneem het aan die begin, sou niemand die stryd tussen goed en kwaad verstaan het nie en sou hulle God eerder gevrees het in plaas daarvan om Hom lief te hê. God se Seun was vasgevang op die wegholtrein van weerstand teen die wil van God. God moes of die trein ontspoor of toelaat dat Sy Seun sterf, in die hoop dat ons die waarheid omtrent Wie Hy werklik is sal ontdek. Dit is waaroor die kruisdood werklik gaan – om die Seun se ware identiteit in die koninkryk van God te ken. Joh. 17:3

Satan het sy sienings na ander engele begin versprei en gevolglik het een derde van die engele gedink dat Lucifer reg was. Hoekom moet hulle hulself aan hierdie Seun onderwerp wat alles van die Vader ontvang het. Wat was so spesiaal omtrent Hom? Hulle het geweier om hulself aan God se wil te onderwerp. 'n Oorlog [*polēmos*] het in die hemel uitgebreek en Satan en sy volgelinge is uitgedryf.

> **Openbaring 12:7-9** En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.

God kon Satan laat sterf, maar die volle vrug van sy gevaarlike denke moes tot volwassenheid kom. Aangesien Satan die enigste beskikbare lewe wat aan hom deur die Seun van God gegee is, verwerp het, kon hy toegelaat word om te sterf, maar die engele en die res van die heelal kon dink dat God hom eintlik genadeloos vernietig het, wat sou aanleiding gee tot die leuen dat God van nature gewelddadig is. Almal

sal vir hulself moet leer waarom die lewe net moontlik is vir die skepping deur die Seun. Elkeen in die heelal sou die geleentheid kry om te besluit wie reg was; God of Satan.

## 7. Geskape na Sy Beeld

Satan en een derde van die engele het die posisie van die Seun en Sy verhouding met Sy Vader bevraagteken. Niemand was daar om die oorsprong van die Vader en Seun verhouding te bevestig nie en daarom moes hulle die Vader vertrou dat Hy geweet het wat die beste vir almal was.

Omdat Hy geweet het dat daar ‘n tyd sou kom dat Sy verhouding met Sy Seun bevraagteken sou word, het God ‘n plan saamgestel om die spesiale verhouding wat Hy met Sy Seun volgehou het, meer volledig bloot te lê. Hy sou ‘n voorbeeld aan die heelal voorlê om die belangrike dinamika van hoofskap en onderdanigheid in die Vader-Seun-verhouding van nader te beskou.

Lucifer se frustrasie het toegeneem tydens die Vader en Seun se beplanning om die aarde te skep. Lucifer wou die prins van hierdie wêreld wees, maar sy versoek was geweier. Christus was die prins van hierdie wêreld omdat hierdie wêreld gemaak sou word na die beeld van die Vader en Sy Seun. Daarom het Lucifer jaloers geword op die Seun van God. Indien hy net die Vader vertrou het, dan sou hierdie skeppingsprojek hom gehelp het om die spesiale verhouding tussen die Vader en die Seun beter te verstaan en waarom die Seun se rol so belangrik vir die koninkryk van God was. Ongelukkig het dit nie so gebeur nie.

God en Sy Seun het die plan om die aarde te skep ten uitvoer gebring en daardeur die baie spesiale beeld van die verhouding tussen Hulle aan die heelal gedemontreer. God het aan Sy Seun gesê, “Laat Ons mense maak na Ons beeld.” Gen. 1:26.

Wie kan die uitbarsting van skeppingskrag verstaan wat op hierdie skeppingsweek plaasgevind het? Dag na dag, terwyl die skeppende krag van God deur Sy Seun vloei, het die aarde vorm aangeneem. Die land, die prag van die blomme, die bome, die son en die maan, die diere – alles ter voorbereiding van die kroonstuk van die skepping – die skepping van die man en die vrou.

Die skeppingsproses is baie belangrik en gee aan ons ‘n belangrike les omtrent God en Sy Seun.

> **Genesis 1:27** En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

Dit is die proses waarvolgens dit gebeur het:

> **Genesis 2:7** En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens ‘n lewende siel geword.

> **Genesis 2:18-25** Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ‘n hulp maak wat by hom pas. En die HERE God het uit die aarde geformeer al die diere van die veld en al die voëls van die hemel en hulle na die mens gebring om te sien hoe hy hulle sou noem. En net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees. So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, maar vir die mens het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie. Toe het die HERE God ‘n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot ‘n vrou en bring haar na die mens. Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem. Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees. En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie.

God het deur Sy Seun vir Adam uit die stof van die aarde gevorm en die asem van die lewe in hom geblaas wat die vloei van die rivier van die lewe voorstel. Die kosbare eienskappe van die Seun van God, naamlik die gevoel van die Vader se seën en die liefdevolle vertroue en gehoorsaamheid van die Seun, het soos ‘n stroom van vreugde deur Adam se wese gevloei en deel geword van hom. Adam het van nature God gedien en Hom behaag, omdat Hy hierdie eienskappe van die Seun van God deur die Gees ontvang het.

**1 Korinthiërs 2:16** Want wie het die sin van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die sin van Christus.

God het Adam in die situasie geplaas waar hy sou agterkom dat daar ‘n gemis in sy lewe was. Hoekom sou God vir Adam deur hierdie proses lei? Dit leer ons iets interessants omtrent God en Sy koninkryk: Sommige dinge kan net deur ondervinding geleer word. Vir Adam het die besef dat iets ontbreek, sy begeerte daarvoor versterk en ‘n groter gevoel van waardering gebring wanneer God dit voorsien.

Adam het nie ‘n metgesel gehad wat sy denke kon verstaan nie; iemand met wie hy sy vreugde kon deel en wat sy ervaring kan verstaan. Terwyl Adam die diere elkeen ‘n naam gegee het, het hy tot die besef gekom dat daar niemand soos hy was wat hom kon verstaan nie. Hierdie ervaring het Adam met die begeerte verseël in dit wat sentraal was tot God se koninkryk: intieme verhouding. Die enigste manier om dit te verstaan, is om dit te ervaar. God kon aan Adam verduidelik het hoe belangrik en goed verhoudings is, maar die oefening om aan die diere elkeen ‘n naam te gee, het nie net aan Adam verstandelik duidelik gemaak nie, maar ook aan sy hart geopenbaar wat belangrik was.

God het Adam aan die slaap gemaak en ‘n rib geneem en dit in ‘n vrou geskep, hoekom het Hy dit gedoen? Lyk dit nie na ‘n baie ingewikkelde proses om dinge te doen nie? Dit is egter ‘n hoogs leersame proses. Die proses hoe Eva uit Adam voortgekom het, gemaak uit dieselfde stof en uit sy sy naby sy hart, spreek direk tot die verhaal van die Vader wat Sy Seun voorgetbring het. Waarom het God nie deel van Adam se brein geneem nie; hoekom was dit ‘n rib wat oor die hart was? Die Bybel vertel ons nie hoekom nie, maar dit spreek tot my van die oplossing van die pyn wat in Adam se hart was, omdat hy nie ‘n metgesel kon vind wat hom kon verstaan het en kon dien as sy onderdanige versorgende agent vir die saad wat hy gedra het.

**Johannes 1:18** Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.

**Johannes 8:42** want Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur.

**Spreuke 8:23-25** Van ewigheid af is ek geformeer, van die begin af, van die voortyd van die aarde af. Toe daar nog geen wêreldvloede was nie, is ek gebore; toe fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie; voordat die berge ingesink het, voor die heuwels is ek gebore;

**Romeine 1:19-20** omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie;

In die tekse hierbo sien ons die bewyse dat die Seun van God uit die boesem van die Vader kom. Die woorde *uitgegaan en gekom* (Joh.8:42) beteken om uit te kom en Spreuke 8:25 praat direk van hierdie proses. Die apostel Paulus wat hieroor kommentaar lewer sê dat die skepping ons ‘n direkte beeld gee van die Godheid sodat ons geen verskoning het nie.

Niemand kan dink wat in Adam se gedagtes was toe hy Eva vir die eerste keer gesien het en hul mekaar ontmoet het, en hy tot die besef kom dat daar werklik nou iemand was wat hom kon verstaan en waardeer. Iemand wat uit sy gebeente was en iemand wat sy saad kon dra, dit koester en wie die noodsaaklike onderdanige agent was wat hy nodig gehad het om sy kinders en kleinkinders te leer hoe belangrik dit is om onderdanig en gehoorsaam te wees. Net soos God Sy Seun nodig gehad het om hierdie eienskappe van onderdanigheid te voorsien, het God die aardse koninkryk opgestel sodat ‘n man nie ‘n koninkryk kon bou sonder sy vrou nie. Sy kinders sal nie weet hoe om onderdanig te wees sonder ‘n lewende voorbeeld van ‘n moeder nie.

Daar is ‘n diepe heiligheid wat tussen ‘n man en ‘n vrou bestaan. Hierdie verhouding, wanneer dit korrek ingestel is, spreek direk van die Vader en Seun se verhouding en is ‘n konstante herinnering aan die heelal van die valsheid van Satan se aanklagte teen die Seun van God.

**1 Korintiërs 11:10** Daarom moet die vrou ‘n aanduiding van gesag op die hoof hê ter wille van die engele.

God het die verhouding tussen man en vrou ontwerp om die engele oor die verhouding tussen Vader en Seun te leer. Wat ‘n wonderlike voorreg om vir hierdie doel geskape te wees.

Deur hierdie waarheid te ken, vind ons dat die ware geheim van die huwelik is om onsself toe te laat om deur die Gees van God omskep te word in die beeld van die Vader-Seun-verhouding; die man wat optree as die bron van seën en die vrou wat optree as ‘n lewende demonstrasie van liefdevolle vertroue en onderdanigheid.

Adam en Eva is geroep tot ‘n hoë en gelukkige doel. Indien hulle gebly het in die beeld van die Vader en Seun, sou ons baie ellende gespaar gewees het.

# 8. Vader van Leuens

Ons onthou dat Satan besluit het dat indien God hom nie sou toelaat om toegang te hê tot die mag en voorregte van die Seun van God nie, sou hy tot die gevolgtrekking kom dat hy net ‘n God sal aanbid wat inherente mag het. Nadat God geweier het om Satan se ‘hervorming’ te aanvaar, is Satan in ‘n posisie geplaas om te erken dat hy steeds sy lewe aan die Vader te danke het, selfs al sou hy nie die belangrike posisie van die Seun erken nie.

Daar was geen manier waarop Satan ‘n koninkryk op grond van sy eie beginsels kon opstel indien hy voortdurend moes erken dat alle mag van God kom. Daarom het hy met die GROOT LEUEN vorendag gekom. Daardie leuen behels dat elkeen lewe in hulself het. Daar is verskillende opsies om dit te glo. Jy kan glo dat jy eenvoudig onsterflik is en dat onsterflikheid ‘n natuurlike eienskap is van elke skepsel. Jy kan glo dat die lewe as ‘n krag bestaan en almal daaraan gekoppel is en dit kan gebruik om te doen wat hulle wil; of jy kan glo in ‘n God wat jou die gawe van onsterflikheid gegee het om dit tot die beste van jou vermoë te gebruik. Dit maak nie saak watter opsie jy kies nie, solank jy glo dat jy ‘n lewensbron van jou eie het. Dit is die grootste leuen in die heelal. Soos Jesus gesê het:

> **Johannes 8:44** Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ‘n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan.

God kon die leuen dadelik beëindig het deur toe te laat dat diegene wat Sy Seun verwerp het se lewe beëindig word, maar die Seun het voortgegaan om aan hulle

lewe te gee, ten spyte daarvan dat dit vir Hom ondraaglik was. Om aan die heelal die gevolg van die leuen te toon, moes die Seun die gevalle engele dra en aan hulle lewe voorsien, selfs terwyl hulle Hom wou vermoor en vernietig. Namate Satan en sy engele Jesus verwerp het, het hulle nie langer die Gees en onderdanige vertroue en gehoorsaamheid wat slegs van Hom kom, ontvang nie. Die engele het die Seun van God in Sy karakter en Gees gekruisig, maar God het hulle steeds die krag van die lewe gegee, sodat Satan tyd kon hê om sy filosofie te demonstreer, sodat elkeen in die heelal sy eie besluit kon neem. Soos ons vroeër genoem het, was daar ‘n koste aan verbonde om Satan toe te laat om God te weerstaan, dit kos die lewe van die Een wat verwerp word en dit is die Seun van God. Satan was van die begin af ‘n moordenaar; in sy opstand teen God het hy die dood van Christus veroorsaak. Hierdie dood het in die gedagtes van Satan plaasgevind, en hierdie daad moes aan die heelal geopenbaar word, sodat elkeen kan sien wat aangaan. Dit was nie God se begeerte dat hierdie manifestasie op die aarde sou plaasvind nie, maar ongelukkig is dit waar dit gebeur het.

# 9. Die Mensdom word Verlei

In hoofstuk 5 het ons gekyk na die belangrikheid van die wil. Die gawe van keuse wat aan mans en vroue gegee is, verskaf aan hulle die keuse om hulle aan God te onderwerp. Sonder die vermoë om te kies, is daar geen ware seën of sin om die Vader te behaag nie. Die besef dat ons die Vader behaag, bring die seën. Let op wat Jesus sê:

> **Johannes 8:29** En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is.

Omdat Jesus se wil voortdurend aan die wil van Sy Vader onderwerp was, het Hy ‘n konstante besef van seën gehad. Baie ander seëninge word deur die gawe van die wil gelewer, maar hierdie seëninge val buite die omvang van hierdie studie. Toe God Adam en Eva geskape het, moes Hy ‘n middel voorsien waardeur hulle hul wil kon uitoefen. Hy moes ‘n keuse aan hulle gee. Sonder die vermoë om te kies om God te mishaag, is daar geen vermoë om die seën te ontvang deur Hom te behaag nie.

God het die vermoë om Hom te behaag geskep, deur die voorsiening van ‘n keuse om Hom te weerstaan, deur van die boom van Kennis van Goed en Kwaad te eet.

> **Genesis 2:16-17** En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.

Deur elke dag die keuse te maak om nie van hierdie spesiale boom te eet nie, het Adam en Eva die spesiale seën van onderdanigheid ontvang; ‘n besef dat God met hul tevrede was. Sonder hierdie boom sou hulle hierdie seën nie kon ontvang nie.

Selfs al was Satan uit die hemel gewerp, was hy toegang tot ons wêreld gegee, op die plek waar die opsie om God te mishaag, geaktiveer kon word. Daarom vind ons Satan in die vorm van ‘n slang, wat homself in die Boom van Kennis van Goed en Kwaad plaas. Die boek Openbaring vertel ons dat hierdie slang Satan is.

> **Openbaring 12:9** En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.

Uit wat ons geleer het oor Satan se benadering tot die lewe, sou hy Adam en Eva na sy koninkryk wen deur aan hulle ‘n beskouing voor te hou hoe lewe verkry word en daardeur hulle afhanklikheid van God uitskakel. Let op wat Satan sê:

> **Genesis 3:1-5** Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.

Deur te verwerp wat Hy beveel het en God te mishaag, het Satan voorgestel dat dit nie ‘n vloek sou bring nie, maar eerder ‘n seën; hulle oë sou oopgaan en hulle sou insiggewende kennis en wysheid ontvang en selfs soos gode word. Hy het verder verklaar dat hulle nie sou sterf nie en daardeur het hy hulle geleer dat hulle voortaan

nie meer afhanklik van God was nie en ook nie nodig het om Hom te vertrou. Hulle kon hulself en hul eie oordeel vertrou.

Dit is jammer dat Eva die slang se raad gevolg het en ook vir Adam oorreed het om God te wantrou en die groot leuen van die slang te glo. Die oomblik toe hulle die vrug geëet het en die leuen geglo het, het hulle begrip van God, van hulself en hoe die heelal funktioneer, heeltemal verander.

Deur die leuen te aanvaar, het Adam en Eva die oortuiging verlaat dat alle dinge uit die Vader voortvloei. Hulle het die idee verwerp dat hul geluk afhanklik was van vertroue en onderwerping aan Hom. Deur God se bevel te verontagsaam, word die mooiste eienskappe van die Seun van God geheel en al vernietig: vertroulike gehoorsaamheid en onderwerping. God moes Adam en Eva wys dat deur op te hou om onderdanig aan God te wees, 'n direkte aanval op Sy Seun en dit waarvoor Hy gestaan het, was. Adam en Eva het die Seun van God in hul gedagtes vermoor deur die gees van onderdanigheid, wat die Gees van die Seun van God is, te weerstaan. Dit is 'n baie belangrike punt om te verstaan. Die daad van weerstand teen God IS die daad van moord op die Gees van Sy Seun, die kern van onderdanigheid. Daarom verwys Jesus na Lucifer as 'n moordenaar van die begin af.

> **Johannes 8:44a** Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie...

Al die engele wat die Seun van God verwerp het, en met haat teen Hom gedraai het, het Hom in hul gedagtes vermoor. Die Bybel verbind duidelik haat aan moord.

> **1 Johannes 3:15** Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.

Die offer van die Seun van God was beplan voor die skepping van die aarde. Die enigste manier om aan die heelal te verduidelik wat in die gedagtes van die opstandige engele was, was om dit te laat manifesteer. Let op die volgende:

> **1 Petrus 1:19, 20** maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die

> grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil.

God was nie onverwags betrap deur Satan se rebellie nie, Hy was daarop voorberei. Met beraadslaging tussen die Vader en die Seun is die weg van verlossing beplan, maar die rebellie van Satan het verseker dat die plan deurgevoer moes word. Toe hy uitgeroep het: "Ek sal opklim in die hemel en my gelykstel met die Allerhoogste" was daar geen ruimte gelaat vir die Seun van God nie; Hy moes onttroon en gedood word.

Die saad van Satan se rebellie is aan die mensdom oorgedra en die Seun moes Homself nou daartoe verbind om vir hulle te sterf. Christus sou aan die fisiese wêreld toon dat die mensdom die onderdanige Seun van God in hulle gedagtes vermoor het. Dit moes ontbloot word vir almal om te sien. Deur Christus aan die kruis te plaas, sien ons die werk van die slang ontbloot. Dit is deels waarom Moses beveel is om 'n slang op 'n paal te plaas; die daad van die kruisiging was 'n tentoonstelling van die moorddadige oogmerke van Satan. Hy kon nie meer sy ware kleure teenoor Christus verberg nie.

En dus, toe Adam en Eva gesondig het en die onderdanige Gees van Christus verwerp het, was hulle skuldig aan moord saam met Satan. In die gedagtes van Adam en Eva is Christus gedood.

> **Openbaring 13:8** En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie. (Sien King James Version.)

> ***Revelations 13:8*** And all that dwell upon the earth shall worship him, whose names are not written in the book of life of the Lamb slain from the foundation of the world.

> **Hebreërs 6:6** en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.

Die dood van die Seun van God is simbolies aan Adam en Eva gegee:

**Genesis 3:21** En die HERE God het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek.

Die klere van velle moes van diere kom. Hierdie diere moes geoffer word om Adam en Eva te klee. Totdat hulle gesondig het, het Adam en Eva het nie klere nodig gehad nie. Hulle was geklee met die heerlikheid van God, maar toe hulle Hom verwerp het, het hulle die heerlikheid verloor. Die slag van die offerlam was 'n simbool van die belofte van God om Sy Seun te stuur om hulle eintlik te wys wat in hulle gedagtes aangegaan het. Dit was om hulle te help sodat hulle kon insien watter verskriklike ding dit is om God te weerstaan; watter verskriklike vloek kom oor ons wanneer ons weier om ons aan Hom te onderwerp. Dit verwyder die Seun van God, die wese van onderdanigheid.

**Genesis 3:15** En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

**Johannes 1:29** Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!

Wat 'n wonderlike ding was dit wat die Seun van God gedoen het. Hy sou aan die heelal wys wat weerstand teen onderdanigheid doen; dit maak die Gees dood van die kosbaarste persoon wat die Vader liefhet – Sy Seun. Die Seun van God het gereageer op die tragedie van weerstand met 'n ongelooflike vertoning van onderdanigheid; 'n vertoning wat so kragtig is dat die heelal nooit weer dieselfe sou wees nie. Dit sal ook die heelal bewys hoe kosbaar die Seun van God is en dat ons Hom waardeer en koester deur waardering en koestering van Sy Gees van onderdanigheid aan die Vader en Sy gebooie.

# 10. Samevatting

Ons het die Bybelverhaal nagespeur omtrent hoe God in die begin Homself openbaar. Ons het die volgende geleer:

1. Daar is slegs een ware God, die Vader – Johannes 17:3; 1 Korinthiers 8:6; 1 Timotheus 1.17

2. Hy is die bron van alle lewe en seën. Jakobus 1:17
3. Hy het 'n Seun na Sy eie beeld voortgebring en aan Hom alle mag gegee en Hom gelyk gestel met Homself. Hebreërs 1:1-5; Spreuke 8:12-30; Filippense 2:6; Johannes 5:26; 8:42; Kolossense 2:9.
4. Die Seun van God is die sleutel tot God se koninkryk. Hy beskik oor die belangrike bestanddele van vertrouende gehoorsaamheid en onderdanigheid en seën. Mattheüs 3:17; Psalm 40:8; Johannes 8:29.
5. Die Gees van die Seun vloei uit na die heelal en leef in die harte van almal wat kies om aan die Vader se gebooie onderworpe te wees. Openbaring 22:1-2; Johannes 7:37-38; Romeine 8:9-10.
6. Lucifer, die eerste geskape engel, het die identiteit van die Seun van God verwerp en geweier om hom te onderwerp aan God se opdrag om die Seun te aanbid. Johannes 5:22; Filippense 2:6; Openbaring 12:7-9; Hebreers 1:6.
7. Lucifer het Satan geword en het 'n derde van die engele met hom saamgeneem in 'n nuwe geloof dat dit nie nodig is om aan God onderdanig te wees nie, omdat ons ons eie lewe in onsself dra. Openbaring 12:4; Genesis 3:4-5.
8. Die daad om God se opdragte te weerstaan, is gelykstaande aan die moord op Sy Seun – die kern van onderwerping, vertroue en gehoorsaamheid. Johannes 8:44; Openbaring 13:8; 1 Johannes 3:15.
9. Die Seun was onderdanig aan Sy Vader se plan om die heelal te wys wat weerstand teen Hom eintlik aan Sy Seun doen, deur Hom te stuur om vir ons te sterf. Genesis 3:15; Hebreers 6:6

Ons het nou 'n duidelike Bybelse beeld van God, Sy Seun en hulle Gees gegee en hoe hulle funksioneer. Ons het ook kennis gemaak met Satan se leuen oor waar lewe vandaan kom en sy gees van weerstand. Laat ons nou die eerste stappe van die twee stelsels wat op die aarde ontwikkel het, naspeur.

# 11. Twee Weë

In die vorige hoofstukke het ons 'n kritiese verskil ondersoek tussen die gedagtegang van God en dié van Satan.

- God se koninkryk is gevestig om die heiligheid van verhoudings uit te lig; Satan se koninkryk fokus op die verkryging en besit van mag.
- God se koninkryk funksioneer deur die seën van onderdanigheid, vertroue en gehoorsaamheid; Satan se koninkryk funksioneer deur 'seën' van weerstand en onafhanklikheid van Goddelike gesag.
- God se koninkryk bepaal gelykheid deur die vermoë om 'n ander te ken; Satan se koninkryk bepaal gelykheid deur vermoë, posisie en prestasie deur middel van inherente mag.
- God se koninkryk word deur 'n gesinstruktuur beheer en lede van die koninkryk word deur liefde gedring. Satan se koninkryk word deur verskillende vorme van mag-gebaseerde strukture beheer en lede van die koninkryk word gemotiveer deur tirannie.
- God se koninkryk bepaal waarde volgens karakter en verhouding; Satan se koninkryk bepaal waarde deur mag.

Hierdie verskille word opgesom in die volgende gedeelte uit die Bybel:

> **Jeremia 9:23-24** So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die HERE..

As ons die geskiedenis ondersoek, sal ons daarop let dat mense se sienings van God volgens hierdie twee weë verdeel word. Dit kan soms moeilik wees om te onderskei wat die sleutelbedryfsbeginsel is, omdat Satan se koninkryk verhoudings gebruik vir die verkryging van mag en daarom kan die taal baie rasioneel klink, maar die fokus is steeds maggebasseerd.

Ons aanvaar dieselfde oortuiging wat Satan in Eva se ore gefluister het: dat ons lewe in onsself het, en die natuurlike gevolg is dat ons onsself as gode beskou. Hier word baie menslike konsepte van God eintlik projeksies van menslike eienskappe en vermoëns. Dit word baie duidelik gesien in die Griekse mitologie in die beskrywings van Zeus – koning van die gode; Afroditus – god van liefde en skoonheid; Apollo – god van musiek, geneeskunde en gesondheid; Ares – god van oorlog. Hierdie gode is

bloot die aanbidding van menslike eienskappe en is in wese selfverering soos deur Satan aan Eva in die tuin beloof.

Ek wil ons geskiedenis begin deur twee Bybelkarakters te kontrasteer wat duidelike voorbeelde van die twee stelsels weerspieël: Abraham en Nimrod.

# 12. Die Grondslag van Babilon

Voordat ons die verhale van Abraham en Nimrod direk aanspreek, sal ons die geskiedenis wat tot op daardie tydstip gelei het, kortliks hersien.

Vrees was die eerste vrug van die aanvaarding van Satan se leuen. Let op:

> **Genesis 3:9-10** Toe roep die HERE God na die mens en sê vir hom: Waar is jy? En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg.

Die oomblik toe Adam die leuen aanvaar het, het hy geglo dat hy lewe in homself het. Die probleem was dat hy nou besef het dat God 'n groter en magtiger lewensbron was as hy. Dit skep vrees. Terwyl Adam geglo het dat hy geen lewe in homself gehad het en vertrou het dat God 'n liefdevolle Vader was wat hom alles gegee het, sou hy geen vrees ooit geken het nie. Die eerste vrug van hierdie leuen was VREES.

Die volgende ding wat hierdie leuen opgelewer het, was TROTS. Toe Adam gevra is wat hy gedoen het, kon hy nie erken dat hy verkeerd was nie. Sy trots sou dit nie toelaat nie.

> **Genesis 3:11-12** En Hy sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? En die mens antwoord: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet.

Adam het sy vrou blameer. Adam moes onthou dat in God se stelsel hy die hoof was van sy huis en dat hy al die verantwoordelikheid dra vir wat in sy gesin gebeur. Deur sy vrou te blameer het hy die leuen verloën wat hy geglo het dat sy vrou in haar die mag gehad het om sy gedrag te beïnvloed en daarom kon hy haar blameer en geen

verantwoordelikheid vir sy daad neem nie. Dit is waar dat Eva Adam versoek het, maar hy het sy eie keuse gemaak en was dus verantwoordelik daarvoor. Hy wou dit nie aanvaar nie. Dit was die tweede vrug van die leuen – TROTS.

Hierdie twee vrugte het die saad gevorm vir die totstandkoming van Babilon.

Meer bose vrug sou hieruit voortkom. Adam en Eva het hul fout bely, maar die saad van opstand het by hulle gebly en is aan hul seuns, Kain en Abel oorgedra. Abel het die onderdanige Gees van Christus gekoester en nederig het hy die plan wat God uitgelê het gevolg om die mensdom te herstel deur Sy Seun weereens te aanvaar. Kain het God erken, maar geweier om God se plan te volg. Hier is die derde vrug – VERSET. Hy het sy aanbiddingsmetode verander om homself te pas en die offer van die lam geïgnoreer. Abel het gepleit met sy broer om te doen soos hulle getoon is, maar Kain het geweier om te luister. Kain het hom verset en Satan het hom uiteindelik daartoe gelei om sy broer in woede dood te maak. Hier is meer vrugte: WOEDE, HAAT en MOORD. Die moord op Abel was 'n uitdrukking van die gedagtes van Satan teenoor Christus. Die sagte onderdanige Abel is deur sy satanies-geïnspireerde broer gedood as die eerste bewys van die gewelddadige emosies teenoor Christus wat diep in die hart van Satan verborge is.

Die gees van weerstand neem die teenwoordigheid van God se seën en goedkeuring weg van ons. Sonder God se seën, voel ons onseker en waardeloos. Kain het hom teen sy ouers se pleidooie asook teen God se pleidooie verset. Hoe groter Kain se weerstand geword het, hoe groter was die gevoelens van onsekerheid en waardeloosheid wat gevolg het. Toe God die vloek oor Kain uitgespreek het, was dit nie iets wat God op hom geplaas het nie, maar dit was die natuurlike gevolg van verset, naamlik vrees, onsekerheid en die gevoel van waardeloosheid.

> **Genesis 4:11-12** Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. As jy die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie; 'n swerwer en vlugteling sal jy wees op die aarde.

Die terme 'swerwer' en 'vlugteling' dra die gevoel van dwaal, wankel en onstabiliteit oor. Dit dra verdere vrug: ONSEKERHEID, ONSTABILITEIT en WAARDELOOSHEID.

Nadat Adam en Eva Abel verloor het, het God aan hulle ‘n ander seun gegee – Set. Hy het selfs meer van dieselfde nederige gees as Adam en Abel geopenbaar. Daar het twee stamme uit die familie van Adam ontstaan: Set se stam, gevul met ‘n begrip van die Vader se seën deur onderdanigheid aan sy gebooie en as gevolg daarvan het hulle bekend geword as die seuns van God. Dan was daar Kain se stam, gevul met die vrug van rebellie en waardeloosheid; hulle was bekend as die seuns en dogters van die mens.

Satan het geweet dat God menslike verhoudings in families gestruktureer het en dat kinders wat in die wêreld gebore word heeltemal afhanklik van hul ouers is. Hierdie familiestruktuur sal kinders help om afhanklikheid van God te leer. Die moeder is die belangrikste persoon in die familie om die kinders die kosbare eienskap van onderdanigheid te leer. Satan het die seuns van God versoek om die dogters van die mense uit te kies en met hul te trou. Die dogters van Kain was gevul met die gees van hul vaders: vrees, trots, weerstandigheid, woede en haat. Hierdie bose vrug was verborge in die harte van vroue wat geleer is hoe om hul uiterlike voorkoms mooi te maak. Die seuns van God het nie die tekortkominge in hul karakters onderskei nie, en het met hierdie vroue getrou. Hierdie bande het tot die mees bose tiranne gelei. Die Bybel noem hulle reuse; die betekenis sou meer verwant wees aan reuse ego’s en die fokus op die verkryging van mag.

> **Genesis 6:1-5** Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het. Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar. In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam. Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was.

Binne ‘n kort tydjie is die liefdevolle onderdanige Gees van Jesus uit die harte van die seuns van God uitgewis en die gedagtes van byna almal was voortdurend sleg. God het sy Gees onttrek en die sondvloed toegelaat om die goddeloosheid, vernietiging en geweld te beëindig. Hy het die ongeregtighede van die vaders besoek aan die

kinders tot aan die derde en vierde geslag. God het weer begin met Noag en sy familie, maar kort daarna het Satan toegang verkry deur Gam om die fondasie van die koninkryk van Babilon te lê. Gam is deur goddelose mense van die ou wêreld beïnvloed. Eendag vind hy sy vader in sy tent naak en dronk, hy het ingemeng en iets so veragteliks gedoen dat die vrug van waardeloosheid, onsekerheid en opstand sy nageslag sou aanspoor om nuwe hoogtes van oorheersing, beheer en boosheid te bereik om hul verhoogde onsekerheid en vrees te verbloem.

Nimrod was 'n kleinseun van Gam. Dit is wat die Bybel van hom sê:

> **Genesis 10:8-10** Kus was ook die vader van Nimrod. Hy het begin om 'n geweldenaar op aarde te wees. Hy was 'n geweldige jagter voor die aangesig van die HERE. Daarom sê hulle: Soos Nimrod, 'n geweldige jagter voor die aangesig van die HERE. En die begin van sy ryk was Babel en Ereg en Akkad en Kalne in die land Sínear.

Die woord 'geweldenaar' beteken 'n kragtige tiran. Daar was niks onderdanig omtrent Nimrod nie. Hy is die eerste man in die Bybel wat die titel van koning aanvaar het en word beskryf as iemand wat sy eie koninkryk gebou het sonder enige erkenning van die God van die Hemel. Die eerste stad van sy koninkryk was Babel of Babilon. Noudat ons die grondslag vir die karakter van Nimrod gelê het, kan ons die elemente van die godsdiens wat hy gevestig het, ondersoek.

Vir 'n meer volledige ontleding van hierdie onderwerp, laai die boek *Lewenskwessies* van *www.vadervanliefde.com/book/view/lewenskwessies* af.

# 13. Die Kern van Babilon

Wanneer ons al die faktore in ag neem in die samestelling van die komplekse karakter van Nimrod, dan kan ons ons voorstel watter tipe aanbiddingstelsel hy sou ontwikkel. In die gees van weerstand, sou dit iets heeltemal teenoorgesteld wees van wat die Bybel openbaar van God en dit is presies wat Nimrod ontwikkel het. Hierdie aanhaling uit die historikus Josephus se geskrifte sit die basis van Nimrod se filofosie uiteen:

> “Dit was Nimrod wat hul aangehits het tot so ‘n belediging en minagting van God. Hy was die kleinseun van Gam, die seun van Noag, ‘n dapper man en het groot mag gehad. Hy het hulle oortuig om dit [die mag] nie aan God toe te skryf nie, asof dit deur sy middele was dat hulle geluk ervaar het, maar te glo dat dit deur hul eie moed was wat hul soveel geluk ervaar het. Hy verander geleidelik die regering in tirannie, siende dat daar geen ander weg was om die mense van die vrees van God af weg te lei nie, maar om hulle te bring tot ‘n konstante afhanklikheid van sy mag...” Josephus. Antiquities, Boek 1, Hoofstuk 4 Paragraaf 2

Nimrod verwerp ferm die seën van God deur die leuen van die slang te kies. Hy kies om te fokus op mag eerder as karakter. Hy het die mense geleer om hulself te beskou nes Satan dit oorgedra het aan Adam en Eva. Hierdie filosofie sou ‘n dramatiese impak hê op die gesinstruktuur. Let op wat een historikus sê:

> “Die gesag van voormalige leiers het berus op familie-betrekkinge en die gesag van die hoof was ‘n beeld van ouerlike beheer. Nimrod, inteendeel, was ‘n soewereine oppermagtige en vir hom was die mense slegs inwoners, sonder persoonlike bande met hulle. Tot op daardie stadium was daar stamme – vergrote families – gemeenskappe; nou was daar ‘n nasie, ‘n politieke gemeenskap, die staat.” A.T. Jones. Empires of the Bible. 1904, bladsy 51.

Onder leiding van die vader en gekoester deur ‘n moeder het die patriargale regeringstelsel van vroeëre tye net gedien om die beginsel van seën deur gehoorsaamheid aan die familiehoof te versterk. Nimrod verander dit alles en skep ‘n fokus op ‘n leier van grondgebied met tasbare bates soos gewasse, grond en geboue. Gesinne was nomadies en is gekenmerk deur familieverhoudinge. Gesag was gebaseer op respek van die verhouding. Nimrod regeer deur vrees en mag en deur middel van tirannie het mense hom gedien.

Nimrod het ‘n ander asemrowende stap geneem om die beeld van God in die man-vrou-verhouding totaal te ververnietig. Nimrod het met sy moeder getrou. ‘n Huweliksverhouding van hierdie karakter is so ver weg van die Vader-Seun-verhouding as wat jy kan kry.

Toe Nimrod gesterf het, het sy vrou/moeder Semiramis verklaar dat Nimrod nou die gestalte van die son aangeneem het en hul beskermer en voorsiener geword het. Simiramis het nou die skakel tussen die fisiese en geestelike wêreld geword. Dit is hoe sy die titel van 'Koningin van die hemel' verkry het (Jeremia 7:18). 'n Verbinding met haar was die toegang tot die beskerming en mag van Nimrod. Die aanbiddingstelsel floreer en sonaanbidding is gevestig in baie dele van die destydse bekende wêreld. Son-dag word die belangrikste dag van die week vir aanbidding, in teenstelling met die spesiale seën van die Seun van God wat rus op die Sabbatsure (Genesis 2:3). Semiramis het 'n seun gehad, genaamd Tammus. Om haar status te red, beweer sy dat hy verwek was deur direkte kontak met die strale van die son – Nimrod. Nimrod was nou gereïnkarneer in Tammus. Hierdie reïnkarnasie-proses is geassosiëer met die aanvang van lente en natuuraanbidding. 'n Fees waar daar geween was oor Tammus het sy onstaan gehad wanneer die groen van die lente en somer tot 'n einde gekom het. Hierdie aanbidding is gesimboliseer deur die beeld van 'n (moeder) Madonna wat haar kind vashou.

> **Esegiël 8:14** Hy het my toe gebring na die noordelike ingang van die poort by die huis van die HERE, en kyk, daar het die vroue gesit wat Tammus beween.

Deur Semaramis het die leer van die onsterflikheid van die siel ontstaan, die verafgoding van die mens in die persoon van Nimrod, die aanbidding van mag en die praktyk van verskeie rituele om reën en vrugbaarheid te bring, en dit het alles deel geword van die Babiloniese geheimenisse. Omdat Semiramis die weg geword het tot die mag van Nimrod, ontwikkel dit die ritueel van 'n man wat seksueel met 'n vrou verbind om toegang te verkry tot daardie mag. So ontstaan die praktyk van tempelprostitusie, en die aanbidding van die son insluitende seksuele omgang as deel van aanbiddingsrituele. Dit neem nie veel om te sien dat, sonder 'n sterk familieverbintenis, hierdie aanbiddingstelsel as baie aantreklik beskou word deur die vleeslike hart.

'n Belangrike punt was ons moet maak, is dat wanneer die begeerte vir mag ons grootste doel word, die werklike identiteit van diegene met wie ons in verhouding staan, nie meer van belang is nie. Die identitiet van 'n persoon is net noodsaaklik in 'n verhoudingstelsel waar verhoudings sentraal staan. Die Babiloniese aanbiddingstelsel draai om 'n konsep van drie persone wat geheimsinnig gekoppel is. Omdat Nimrod die seun van Semiramis was, maar ook haar man, en dan kwansuis

gereïnkarneer is in Tammus, raak die werklike identiteit van die individue vervaag in ‘n geheimsinnige god in drie persone. Soos ons reeds opgemerk het: die duidelike onderskeid van die werklike identiteite van die individue is nie noodsaaklik wanneer die fokus van jou aanbidding mag is nie. Dit is heeltemal die teenoorgestelde van die aanbidding van die God van die hemel. Dit is noodsaaklik om die identiteit van die Vader en die Seun te ken om toegang te kry tot die vreugde en seën van Hul verhouding. Hul identiteit moet nooit verwar, vermeng of geheimsinnig gemaak word nie. Waar die proses ookal plaasvind, kan ons verseker weet dat dit die god van mag is wat deur Satan geskep is, wat aanbid word, en nie die Vader en die Seun van die Bybel nie.

In beide my eie ervaring en die met wie ek binne die Christelike verband te doen gekry het, het ek groot verwarring gevind oor wie eintlik aangespreek word in sekere Bybeltekse en met wie ons nou eintlik praat in gebed. Ek het baie keer gehoor dat mense verwarring uitspreek oor wie hulle eintlik aanspreek in gebed en niemand wil beledig deur een uit te laat nie. Hierdie verwarring kom direk van hierdie Babiloniese stelsel en verraai ‘n soeke na mag eerder as ‘n soeke na die Vader en Seun en hulle karakter. Dit word heeltemal onbewus van die kant van die soeker gedoen, maar wat geleer word, lei hulle tot hierdie geheimsinnige verwarring. Die Babiloniese stelsel is ingestel onder die voorwendsel om God te eer en lief te hê, terwyl dit eintlik ‘n manier is om Hom te vergeet en die mens in sy plek te plaas.

Alhoewel daar baie te sê is oor Babiloniese sonaanbidding, is ons slegs op soek na die filosofiese grondslae van Babilon, sodat ons dit kan vergelyk met die Bybelse openbaring van God. Die Nimrod, Semiramis, Tammus aanbiddingstelsel fokus op die volgende:

1. Die geloof in inherente onsterflikheid
2. Mag en krag kom van binne af
3. ‘n Verwerping van die Vaderhoofskap/seënstelsel ten gunste van diktator/tiran – moeder/seun-verhouding
4. Perverse familieverhoudings
5. Bouers van stede en fokus op die verkryging van grondgebied en besittings.

Hierdie stelsel is die vervulling van Satan se belofte dat mens soos gode sou word wat goed en kwaad ken. Enige aanbiddingstelsel wat enige van hierdie eienskappe insluit, word diep beïnvloed deur Satan se koninkryk. Kom ons onthou dat hierdie vorm van aanbidding regstreeks uit vrees, trots, opstand en seksuele perversie gegroei het, wat heeltemal gekant is teen die God wat in die Bybel geopenbaar is.

# 14. Die Pad na Verval

Dit sal nuttig wees om kennis te neem van die stappe wat Nimrod en sy medewerkers gevolg het in die vorming van hul siening van God. Die apostel Paulus gee 'n baie bondige uiteensetting van hierdie tydperk en die uitwerking daarvan op die mensdom. Ons gebruik dit graag as die raamwerk vir hierdie bespreking.

In die begin het God die mens in Sy beeld gemaak. Ons het daarna gekyk in die hoofstuk 'Geskape na Sy Beeld.' Deel van die rede waarom God die mens gemaak het, was om die heelal meer te leer oor die verhouding tussen Homself en Sy Seun. Let op hoe Paulus dit verklaar:

> **Romeine 1:19-20** omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie.

Daar is goeie rede waarom Satan die verhouding tussen man en vrou direk sou aanval. Dit was om te verhoed dat hierdie kennis van God verstaan word. Paulus som die geskiedenis van Nimrod baie kort op. Ons sal dit stap vir stap volg.

> **Romeine 1:21-25** omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere. Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer,

> hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen.

As kleinseun van Gam was Nimrod bewus van die God van die hemel. Toe Nimrod die leuen, dat ons inherente krag binne ons self het en dit nie van God kom, aanvaar het, het hy opgehou om God te verheerlik of dankbaar te wees vir God se seëninge. Dit het Nimrod en sy medewerkers in ’n valse of ydele begrip gegee van wie hulle was. Die rol van man en vrou wat deur God sorgvuldig opgestel was, is heeltemal verdraai en omgekeer en sodoende het hulle die kanaal van seën vanuit die hemel afgesny. Die gevolg was dat die soete onderdanige Gees van die Seun van God verhoed was om hul wonings te betree en hul gedagtes was verduister. Die sogenoemde bevryding van die vrou en die nuwe seksuele vryheid was progressief en wys beskou, maar dit het hulle dwaas gelaat.

Soos reeds vermeld, het Semiramis na Nimrod se dood daarop aanspraak gemaak dat Nimrod nou ’n god was wat in die son beliggaam was. Die konsep van God was verander in ‘n verganklike mens. Die mens het ’n wanindruk gehad van waar sy lewe vandaan kom en die goddelike patroon wat die man-vrou verhouding betref, het verlore gegaan. Die valsheid wat betref die aanbidding van die vroulike om toegang tot die mag van Nimrod te verkry, die reïnkarnasie van Nimrod in Tammus en die gevolglike natuuraanbidding wat voëls, viervoetige diere en kruipende dinge betrek het, het alles gedien om die beeld van God in die mens te verdof en die waarheid van God in ’n leuen te verander.

Die god van Babilon was in wese die aanbidding en strewe na mag. Soos reeds genoem, word daar in die strewe na mag nie aandag gegee aan die identiteit van die wesens wat aanbid word nie; hul karakters is van minder belang as hul mag. Die geheimsinnige vermenging van die identiteite van Nimrod, Semiramis en Tammus het direk die identiteit van die man en die vrou beïnvloed en hoe hulle met mekaar omgaan. Die seksdaad het belangriker geword as die identiteite van die gene wat daarby betrokke was en die simboliek het ’n totaal ander betekenis gekry.

> **Romeine 1:26-28** Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar

> ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan ‘n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie.

Homoseksualiteit is ’n natuurlike uitvloeisel van die Babiloniese stelsel van aanbidding. Die seksdaad word ’n manier om mag te ontvang van die een waarmee die daad gepleeg word, soos kennis geneem deur die poortwagter Semiramis. Die konsep van hoofskap en ondergeskikte is nie meer van toepassing nie. Die Bybelse begrip van die manlike en vroulike het verlore gegaan in die strewe na selfverering en mag. Paulus beskryf dan die eindresultaat:

> **Romeine 1:29-32** Hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, mense wat, al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.

Mense wonder hoekom daar soveel geweld, haat en onsedelikheid in die wêreld is! Romeine 1 wys duidelik hoe dit werk en hoekom dit op hierdie manier gebeur. Opsommend is die pad na verval soos volg:

1. Vergeet dat alle lewe en seën van die Vader en Sy Seun kom
2. ‘n Oortuiging dat die mens ’n inherente lewensbron het
3. Die vernietiging van die familie/gesinseenheid wat die hoofskap en beginsels van seëninge bewaar
4. ’n Verdorwendheid van seksualiteit
5. ‘n Vergroting van die gevoelens van waardeloosheid, vrees, trots, woede, haat en moord as gevolg van gebrek aan seën

6. ’n Uitbouing van die korrupte menslike verhoudings, wat dan weer op God geprojekteer word. Dit veroorsaak dat identiteite vervaag en lei tot aanbidding van mag bo karakter.

Dit is die proses waardeur ons deur Babilon verstrik word. Die Bybelse begrip van Babilon is veel meer as ’n fisiese ryk. Dit verteenwoordig die mees agressiewe en geweldadige aanval op die menslike verstand wat ooit bedink is. Sy vermoë om die gedagtes te benewel is asemrowend. Die heimlikheid en geleidelike manier waarop dit te werk gaan is kommerwekkend. Daar is baie verskillende vorme daarvan. Eens gevange geneem deur hierdie mag is dit feitlik onmoontlik om die kettings waarmee dit bind te verbreek – behalwe...

Behalwe wanneer ons die verhaal van Abraham bestudeer. Sy verhaal bied die noodsaaklike elemente om uit Babilon te ontsnap. Abraham het van Babilon gekom, sy familie was betrokke by die aanbiddingstelsel van Babilon, maar Abrahm het ontsnap. Dit is baie belangrik dat Paulus sy brief aan die Romeine soos volg begin:

> **Romeine 1:16-18** Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe. Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk,

Abraham se verhaal om uit Babilon te ontsnap is die kern van die evangelie van Christus. Ons kyk nou na hierdie verhaal om te leer hoe om die ses vlakke van verval om te keer en om die kettings van Babilon te verbreek en te sê, “Geval het Babilon!”

# 15. Uit Babilon Geroep

Die mistieke afgodsdiens van Babilon het bykans universeel geword. Die Bybel sê:

> **Jeremia 51:7** Babel was in die hand van die HERE ‘n goue beker wat die hele aare dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword.

Die wyn van Babilon is haar geheimsinnige lering omtrent God. Dit bring die verstand in verwarring. Hierdie leer vernietig families, sny die seën van ons hemelse Vader af, en skep ‘n diepe gevoel van onwaardigheid, boosheid, onsekerheid en ook die wanhopige behoefte aan mag.

Die invloed van Babilon was om die nomadiese familie-gebaseerde stamme te verander na ’n territoriaal-gebaseerde staat, wat verdedig word deur ‘n weermag. Klein dorpies is verander in groot ommuurde stede wat makliker verdedig kan word. ‘n Belastingstelsel moes ontwikkel word om voedsel en wapens te verskaf aan die weermag. Belastingheffing vereis ’n tirannieke koninklike regering om belastingheffing te verseker. Die konstante bloodstelling aan bloedvergieting het die manne verhard en die verlengde tye weg van hulle gesinne en families, tesame met die immorele godsdienstige praktyke, het gelei tot ’n skerp toename in prostitusie. Op sy beurt het dit die gesinseenheid verwoes en vroue is as gevolg hiervan net ‘n bietjie beter behandel as diere, tensy hulle tempelprostitute was, in welke geval hulle goed versorg is.

In sy stryd teen God was dit alles deel van Satan se plan om die beeld van God in die mens te vernietig, van sy waardigheid te stroop en vir sy eie doeleindes ’n slaaf te maak. In genadige liefde het God gereageer en ’n man geroep om ’n familie-koninkryk op die been te bring wat gebaseer was op die Vader se seën en die herwinning van daardie kosbaarste eienskap – ’n versorgende onderdanige vrou om die volgende geslag te leer hoe om aan die Hemelse Vader en Sy Seun onderdanig te wees. Abraham, of Abram soos hy oorspronklik bekend was, het kort ná die tyd van Nimrod geleef. Sommige bewyse toon dat hul lewens oorvleuel het toe die Babiloniese godsdiens ’n groot deel van die aarde oorheers het.

> **Genenis 12:1-3** En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. En Ek sal jou ‘n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy ‘n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Die plek vanwaar Abram moes vertrek was in die hart van Nimrod se ryk, Ur van die Chaldeers.

**Genesis 11:26-28** Toe Tera sewentig jaar oud was, het hy die vader geword van Abram, Nahor en Haran. En dit is die stamboom van Tera: Tera het die vader geword van Abram, Nahor en Haran, en Haran van Lot. En Haran het gesterwe terwyl sy vader Tera nog geleef het, in sy geboorteland, in Ur van die Chaldeërs.

God moes Abram wegneem van sy kinderhuis om die genootskap en aanbiddingspraktyke te verbreek waaraan hy gewoond was. God sou Abram seën met ’n kennis van ’n familie-koninkryk wat gebaseer is op die verhouding van die Vader en Seun. God weerhou Sarai se vermoë tot swangerskap totdat hulle albei hierdie beginsels geleer het.

God het Abram ’n seën gemaak deur hom te vestig as ’n voorbeeld van hoe ’n gesin moet funksioneer. Almal wat Abram en Sarai se familiebeginsels aangeneem het, sal die sleutel vind om die Hemelse Vader se seën in hulle harte te ontvang en hulle die sterk gevoel gee dat Hy hulle liefhet vir wie hulle is en nie wat hulle besit nie. Die groot koninkryk wat aan Abram belowe is, was afhanklik van ’n duidelike gesinstruktuur.

**Genesis 18:18-19** Terwyl Abraham tog sekerlik ‘n groot en magtige nasie sal word en al die nasies van die aarde in hom geseën sal word? Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee dat hulle die weg van die HERE moet hou om geregtigheid en reg te doen; sodat die HERE oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gespreek het.

Die sinsdeel ‘want Ek het hom verkies’ (KJV: “For I have known him”) gee ’n gevoel van ’n baie noue verhouding tussen God en Abraham omdat God hom geleer het hoe om vir sy vrou en sy kinders te sorg. Hy het aan hom verduidelik dat dit van die begin af bedoel is dat ’n man en vader ’n kanaal vir die Hemelse Vader is om Sy welbehaaglike seën uit te giet. Nie net was ’n man en vader toegerus met ’n fisiese saad wat deur sy vrou versorg moes word om kinders voort te bring nie, maar hy het ook geestelike saad gegee om sy vrou ’n gevoel van waardering en liefde te gee en aan die kinders ’n gevoel van doel en waarde. Let op wat Spreuke hieroor sê:

**Spreuke 17:6** Kindskinders is ‘n kroon vir grysaards, en vir die kinders is hulle vader ‘n eer.

Abraham se vermoë om sy vrou en kinders te seën, het sterk op Sara se gees van onderdanigheid berus; hy het net soveel gesag gehad as wat sy aan hom gegee het. Hoe meer sy vir haar man se leierskap gebid en God vertrou het, sou God hom seën met die regte woorde en besluite en hoe meer sy aan hom onderdanig is en hom vertrou, hoe meer sou haar kinders sien dat dit baie belangrik was. Kinders kyk na hul moeder om te bepaal hoe belangrik en kragtig die woord van hul vader is. Die apostel Petrus vertel ons hoe Sarai geleer het om haar man te aanskou.

> **1 Petrus 3:5-6** Want so het vroeër ook die heilige vroue wat op God gehoop het, hulleself versier, en hulle was aan hul eie mans onderdanig, soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom heer genoem het; wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen enkele verskrikking vrees nie.

Aangesien Abraham en Sara uit Babilon gekom het, het hulle baie gehad om te leer. Hulle het albei foute op die weg gemaak wat Sara se verwekking van Isak baie vertraag het. Na baie beproewinge en lesse, was Abraham en Sara in staat om God toe te laat om Isak te seën met die Gees van sy Seun sodat Isak bereid was om onderdanig te wees selfs tot aan die dood, net soos Jesus aan die kruis gewillig was. Abraham het ook geleer om die gees van onderdanigheid te waardeer deur die keuse te maak om God te vertrou, selfs toe dit onmoontlik gelyk het.

> **Genesis 22:1-2,10-12** Ná hierdie dinge het God Abraham op die proef gestel en aan hom gesê: Abraham! En hy antwoord: Hier is ek! Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys. ... Toe steek Abraham sy hand uit en neem die mes om sy seun te slag. Maar die Engel van die HERE het na hom van die hemel af geroep en gesê: Abraham, Abraham! En hy antwoord: Hier is ek! En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie.

Dit is ongelooflik om te dink dat God in die lewe van een man in staat was om die verslawende mistieke sisteem van Babel uit hul gedagtes te verwyder en die aanbidding van die ware God van die Hemel te herwin. Die reis van Abraham uit Babilon is vandag die basis vir ons eie reis. Die ware God van die Hemel en Sy Seun roep ons uit die valse aanbiddingstelsel van hierdie wêreld na ‘n

verhoudingsgebaseerde gesinsryk waarin ons waarde in ons familie-verhoudings kry en nie van die dinge wat ons bereik nie.

Die beginsels in hierdie boekie word uitgebrei in die boek *Life Matters* van maranathamedia.com (*Lewenskwessies* op *maranathamedia.co.za/af*). Kry asseblief ’n afskrif van hierdie boek vir ‘n uitgebreide verduideliking van die gesinstelsel van seën, waarmee Satan se koninkryk bloot deur ’n korrekte kennis van God en Sy Seun verslaan word.

# Die Wysheid van God

Hy wat die Seun het, het die lewe. Hoekom is dit so? Want in die Seun van God woon die suiwer hart van 'n gehoorsame Seun aan Sy Vader. Hy doen altyd die dinge wat die Vader behaag. Hy het ook die Vader se seën en diepe toegeneentheid. Die hart van die Seun rus volkome in Sy Vader se liefde.

Dit is die wysheid van die Vader om die Gees van Sy geliefde Seun met die heelal te deel; 'n lieflike, sagte en gehoorsame Gees wat Sy gebooie liefhet. Christus is die wysheid van God en die standvastigheid van 'n liefdevolle verhoudingsryk. Hierdie sagte Gees vloei uit die troon van God deur die boom van die lewe. Satan het die Seun van God en Sy sagte Gees verwerp. Sy opstandige gees was in skrille kontras met die sagte, nederige en gehoorsame Gees van die Seun van God. Hierdie gees van rebellie is aan die mensdom oorgedra. In die offer van Christus word ons weer opnuut hierdie sagte Gees aangebied. Die geheim om hierdie Gees te besit, is om te weet wie die Vader en die Seun is – dit is die ewige lewe om die Vader en Sy Seun te ken en te drink van die fontein van lewende water wat uit die troon van God en die Lam vloei.